

# Die waarheid oor liefde vir my naaste

Teks: 1 Korinthiërs 13: 1 - 13 & Sondag 43  
Teksvers: 1 Korinthiërs 13:6

## 1. Inleiding

Hoe baie keer hoor ons dat 'n leuen op die regte tyd en plek goed kan wees. Die sogenaamde wit leuentjie. Dat om die waarheid doelbewus van iemand te weerhou hom eintlik goed doen. In vanoggend se leërdiens gaan ons kyk na die negende gebod. Ons almal ken dit deeglik in die woorde "dat jy nie 'n valse getuienis mag aflê nie". Maar tog voel dit so formeel. So ver uit die daaglikse samelewing. Ons verbind die woord getuienis aan regstaal in 'n hof. Wanneer jy opgeroep word om getuienis te lewer in 'n kriminele saak, dan mag jy tog nie lieg nie.

Maar wat van ons alledaagse lewe, wanneer ons nie deur inswering gebind is om die waarheid te praat nie, wat dan. Kan ons dan maar na eie belang oordeel wanneer dit tyd is om die waarheid te praat of nie? Of leer die skrif ons iets anders? Ons bestudeer vandag die bekende teksgedeelte van 1 Korinthiërs 13. Tog is die teks dikwels vir die verkeerde redes bekend. Dit is dikwels bekend as teks vir troues of dan troupreke. Maar die eintlike liefde waarvan hier gepraat word, is Agape liefde. Dit hou meer verband met broederlike liefde as noodwendig met erotiese liefde tussen 'n paartjie.

Maar wat het die liefde uiteindelik met die waarheid te doen? Gaan waarheid nie oor reg en geregtigheid nie. Is dit nie juis die emosionele van die liefde wat die harde koue waarheid en geregtigheid bedreig nie? Of soos ons baie keer in ons kompeterende samelewing hoor, die liefde maak jou sag en swak. Maar is dit werklik waar? Is die liefde en geregtigheid teenpole van mekaar? Waar moet ons as Christene dan staan? Hoe moet ons dink oor die waarheid en oor die liefde? Want ons teksvers, vers 6 praat dan juis oor die waarheid in hierdie hoofstuk oor die liefde.

## 2. Liefde vir my naaste gaan verder as die materiële

Ons het verlede week gesien dat die fokus van die agste gebod is die beskerming van die materiële besittings van my broer is. Ons tref die negende gebod ook op die tweede tafel van die wet aan. En ons weet reeds dat hierdie tweede tafel handel oor my gesindheid teenoor my naaste. Maar waar ons in die 8ste gebod net fokus op die materiële besittings van my broer gaan die negende gebod soveel verder. Ja ons weet dat deur vals teen iemand in 'n hof te getuig sy dood kan veroorsaak of ten minste 'n baie lang tronkstraf. En die negende gebod verbied dit natuurlik ook, maar dit gaan ook soveel verder.

Want as ons maar net op die materiële voorspoed van ons broer gestel is, het ons eintlik nog nie ver gevorder op die geloofspad nie. As ons eerlik na die wêreld om ons kyk dan sien ons vandag baie liefdadigheidsprogramme, maar baie van hierdie kom juis uit ongelowige oorde. Maar kyk wat sê vers 3 van ons teks:

<sup>3</sup>Al deel ek al wat ek het  
aan ander uit,  
en al gee ek my liggaam prys  
om my daarop te kan beroem,  
maar ek het geen liefde nie,  
baat dit my niks.

Al doen ek juis wat Jesus vir die ryk man in Markus 10 sê en verkoop alles wat ek het en gee die geld aan die armes. Ja, al gaan ek selfs verder as dit en sterf in sy plek. En ek het hom nie lief nie baat dit my niks. Die fokus van liefde is soveel meer as materiële voorspoed van my naaste, en dit hier waar die waarheid volgens die 9de gebod in kom.

## 3. Liefde gaan verder as blote liefdadigheid

Maar liefde is meer as dit. Want ons sien in die teks dat al die ander gawes sal verdwyn. Met die tyd sal die gawe van profesie, ongewone tale en self kennis uitgedien raak soos vers 8 vir ons dit duidelik stel. Hierdie gawes was en is belangrik vir die opbou van die kerk. Maar daar het en sal nog tye kom wanneer hulle rol vervul is in die kerk. Wanneer hulle nie meer nodig is nie. Maar die liefde staan tenoor dit.

Want die liefde sal nie vergaan nie. Die liefde is nie 'n gawe in die kerk waarvoor daar op 'n stadium nie meer nut sal wees nie. Die gawe van die liefde het nie 'n verval datum op nie.

Daarteenoor staan die leuen. Want ons almal weet dat die leuen nie vir altyd bestaan nie. Ons weet dat wanneer jy voortdurend leuens vertel, jy nog meer en meer leuens moet vertel om die ander leuens te bedek. So word die lewe van die leuenaar eintlik een ingewikkelde gemors. En uiteindelik val alles tog uitmekaar wanneer die leuenaar uitgevang word. Dus is dus duidelik dat die leuen anders as die liefde wel 'n verval datum het.

In hierdie opsig het die agste en negende gebod baie in gemeen. In die agste gebod dryf die sonde van my eie gierigheid my tot my broer te besittings. In die negende gebod dryf die sonde van my eie hoogmoed my tot die benadeling van my broer se eer of goeie naam. Daarom val skinderpraatjies ook duidelik in die gebied van hierdie gebod.

Maar in albei gevalle is ware opregte naaste liefde die medisyne. Want as ek my naaste liefhet soos myself. Dan sal ek hom materieële voorspoed gun. Dan sal ek hom eer, aansien en 'n goeie naam gun. En dan sal ek in liefde ook die waarheid van God se woord aan hom wil verkondig. Want hierdie opregte liefde verheug hom oor die waarheid soos wat ons teksvers sê.

## 4. Liefde bestaan vir altyd

Hierdie opregte liefde sal my dan wel beweeg om uiteindelik my eie besittings en selfs my lewe te gee vir die redding van my broer. Maar dan werklik met die doel op sy redding nie op 'n oordrewe nederigheid wat ek daardeur kan verwerf nie. Want die is nie die waarheid nie. Tog al sou ek my lewe gee vir my broer sal hy nie daardeur gered kan word nie. Want my eie lewe is nie eers genoeg om vir al my sondes te betaal nie.

Maar in liefde kan ek my broer lei na Jesus Christus, wat in liefde vir ons kom sterf het. Omdat Jesus heeltemal sondevry was, is sy sterwe genoeg betaling vir ons sonde en ongeregtigheid voor God. En dit is hier waar geregtigheid en liefde bymekaar kom. Want

ons weet dat Jesus die waarheid is volgens Johannes 14 vers 6. Maar ons weet ook dat Jesus die bewys van die Vader se liefde vir ons is, soos ons lees in Johannes 3:16

Dit is juis op hierdie manier wat Christus liefde ten volle kom uitleef het hier op aarde. Want met Christus se liefde het Hy ons sondes kom bedek deur sy geregtigheid. Waardeer ons gered is tot 'n lewe van hoop. Omdat Jesus alles in nederigheid verrig het toe Hy hier op aarde was. Daarom word Jesus Christus ook die perfekte uitlewing van vers 7 van ons teksgedeelte.

In efesiërs 5 vers 25 word mans gemaan om hulle vrouens so lief te hê soos wat Christus die kerk gehad het. So lief dat Hy self sy lewe daarvoor afgelê het. Maar soos ons reeds gesien het bly die liefde hier die belangrike saak. Want soos vers 3 sê as ek bloot my lewe aflê om my self daarop te beroem dan baat die my niks. Dan is ek soos die ryk ongelowige wat vir die arm gelowige bedelaar iets te ete gee, maar eintlik die een is wat bankrot is.

## 5. Slot

Ten slotte het ons in die inleiding gevra oor die verband tussen liefde en die waarheid. En spesifiek het ons verwys na 'n leuen vertel om iemand te beskerm. Maar as daar een ding is wat duidelik uit ons teks na vore kom, is dit die tydsduur van die liefde. Die tydsduur van liefde is langer as al die ander genadegawes. Waar ons sien dat in teenstelling met dit is die leuen net tydelik. Dit bring nie ewige hoop nie. Al wat ewige hoop kan bring is die waarheid.

En al manier waarop ons verhouding met naaste werklik kan reg wees, is as daar liefde is. Ware selfopofferende liefde. Die tipe liefde wat die voorspoed, voordeel en eer van my broer seek.

Ons het ook aan die begin gesê dat hierdie gedeelte oor broederlike liefde gaan en nie noodwendig oor erotiese liefde. Maar tog moet daar nie so 'n groot grens wees tussen die liefde wat ek aan my geliefde bewys en die liefde wat ek vir my broers het nie. Ja natuurlik het die Here die vrou en man geskape om een te wees. Maar ons liefde moet nie hier by die grens van die huisgesin stop nie. Want dit is tog steeds wat Christenskap uniek maak. Die

feit dat die Christen liefde betoon aan almal  
selfs aan sy vyande. En daarom ook die  
waarheid aan hulle almal bedien.

Amen.